KRUISKERK
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 11 : 1-45

**Tema :** Lasarus ; om oor 'n vriend te huil. Trane wat ook mooi is.

BROODJIES VIR DIE PAD

"When you are sorrowful look again in your heart, and you shall see that in truth you are weeping for that which has been your delight."
— Kahlil Gibran

"Believing in him is not the same as believing things about him such as that he was born of a virgin and raised Lazarus from the dead. Instead, it is a matter of giving our hearts to him, of come hell or high water putting our money on him, the way a child believes in a mother or a father, the way a mother or a father believes in a child."
— Frederick Buechner

"Our hearts of stone become hearts of flesh when we learn where the outcast weeps."
— Brennan Manning, Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging

"When a person loses a friend, he consoles himself with the many other friends about him, and if he loses his gold, he meditates for a while and casts misfortune from his mind, especially when he finds himself healthy and still laden with ambition. But when a man loses the ease of his heart, where can he find comfort, and with what can he replace it? What mind can master it?"
— Kahlil Gibran,

"I refer to the Gospel account in which Christ weeps at the grave of his friend Lazarus. We need to pause and consider the meaning of these tears, for in this very moment there occurs a unique transformation within religion in relation to the long-standing religious approach to death.

Up to this moment the purpose of religion, as well as the purpose of philosophy, consisted in enabling man to come to terms with death, and if possible even to make death desirable: death as the liberation from suffering; death as freedom from this changing, busy, evil world; death as the beginning of eternity. Here, in fact, is the sum total of religious and philosophical teaching before Christ and outside of Christianity - in primitive religions, in Greek philosophy, in Buddhism, and so forth. But Christ *weeps* at the grave of his friend, and in so doing his own struggle with death, his refusal to acknowledge it and to come to terms with it. Suddenly, death ceases to be a normal and natural fact, it appears as something foreign, as unnatural, as fearsome and perverted, and it is acknowledged as an enemy: 'The last enemy to be destroyed is death."
— Alexander Schmemann, O Death, Where Is Thy Sting?

"Compassion asks us to go where it hurts, to enter into the places of pain, to share in brokenness, fear, confusion, and anguish. Compassion challenges us to cry out with those in misery, to mourn with those who are lonely, to weep with those in tears. Compassion requires us to be weak with the weak, vulnerable with the vulnerable, and powerless with the powerless. Compassion means full immersion in the condition of being human."
— Henri J.M. Nouwen

"After playing Chopin, I feel as if I had been weeping over sins that I had never committed, and mourning over tragedies that were not my own. Music always seems to me to produce that effect. It creates for one a past of which one has been ignorant, and fills one with a sense of sorrows that have been hidden from one's tears."
— Oscar Wilde

"But the Woman gave Our Lord His human nature. He asked her to give Him a human life—to give Him hands with which to bless children, feet with which to go in search of stray sheep, eyes with

which to weep over dead friends, and a body with which to suffer—that He might give us a rebirth in freedom and love."
— Fulton J. Sheen, The World's First Love, 2nd Edtion: Mary, the Mother of God

## ’n Preek vanuit ’n kis

Karin Brynard leer by ’n oorledene hoe dit is om regtig te lééf.
Twee-uur op ’n smoorwarm Februarie-middag in Stellenbosch en die eeue oue kerkklokke klink uit die middedorp uit op. Eerste gelui.
Ek kom traag in beweging, trek hare reg en soek die koelste skoon bloes in my kas. Hoekom gaan ek enigsins, wonder ek. Ek het die oom dan skaars geken. Maar hy was goed vir Ma in haar laaste jare in die ouetehuis, toe die demensie haar soms baie deurmekaar gehad het.
Die hitte dans behoorlik op die teer voor die ou moederkerk in Drostdystraat en die son slaan blitse uit die karre wat soos sardiens daar ingeryg staan. Daar’s darem plek gemaak vir die swart wa met die kis agterin, aronskelke wat dof glim wanneer die kis eerbiedig deur twee ondernemers met wit handskoene uitgelaai word. Onder die tweede gelui word die kis na binne gedra – op met die trappe van die mooi neo-Gotiese gebou, kalkwit en puntig van die torinkies – en dan na die skemerkoelte binne. Binne speel die orrel stemmig en stofstippels hang lui-lui in die oker lig wat deur die vensters val. Die oom se foto staan op ’n hoë voetstuk voor by die preekstoel, waar die kis nou onder sy krans van kelke rus.
Ek kyk na die foto – en sukkel om die beeltenis te vereenselwig met die oumens wat ek in die ouetehuis leer ken het. In die jare voor my ma oorlede is en ek byna daagliks daar gekom het, was hy maar altyd iewers rond, ’n maer ou omie, afgeslyt deur die ouderdom, sy kaal ou kop oortrek van lewervlekke. Maar wanneer hy my gewaar sou hy hom altyd regskuif vir ’n vinnige geselsie. Oor die weer. En Eskom. Of die stand van damme.
Soms was hy weg, dan sou ek hoor hy was in die hospitaal. Die hart wat weer “gefoeter” het. Die man op die foto het ’n burgemeestersketting om die nek. Kyk met trotse toegeneentheid oor die gemeente uit: Dís wie ek eintlik is – ’n rots vir my gemeenskap. Kerkraad, dorpsraad. Sakeman, sportman, spanman, familieman.
Hoe min weet mens eintlik van mekaar, dink ek en kry ’n bietjie skaam oor ek nooit dieper uitgevra het nie. Ná ’n verbeeldinglose preek wikkel almal straataf na die kerksaal, waar daar ’n verrassing wag – ’n heelwat vroliker atmosfeer met wyn in elegante langsteelglase en vonkelende druiwesap wat gulhartig uitgedeel word. Kyk vir die oom! dink ek verbaas.
Daar’s ligte musiek en ’n groot plasmaskerm waaraan ’n kleinkind vroetel. “Oupa Apie”, verskyn daar op die skerm, 1925-2023. Daarna begin ’n fotostroom van oomblikke uit die oom se lewe, die meeste nog in swart en wit: ’n Lintknipseremonie by ’n nuwe bankgebou iewers in die jare sestig, die oom met sy burgemeestersketting aan. Dan weer by ’n skouperd – breëbors, beide perd en oom.
Die oom as jongman in ’n bokskryt, wenarm omhoog. Daar’s ’n troufoto, iewers in die negentienveertigs – hy stralend langs sy delikate bruid, oë gretig op die toekomshorison. Gesinsfoto’s, met groeiende getalle. Maar dis veral die oom se lewenslus en doenigheid wat uit die skerm spreek. Hy op ’n foto van die dorp se rugbyspan; in ’n rotsgebergte iewers, rugsak oor die rug; of by ’n antieke Fordjie, liefderik gerestoureer. Dan weer in sy burgemeestersgewaad langs Mej. Swartland, of dansend in ’n Griekse taverne, kaalvoet en laggend.
Ek kyk na die begrafnisgangers. Buiten ’n klein groepie gryses uit die ouetehuis ken ek niemand nie. By die eetgoedtafel hoor ek hoe ’n middeljarige man – tatoeëermerke oor sy voorarms en ’n mooi blondine aan sy sy – vertel hoe hy feitlik grootgeword het in Oom Apie se werkswinkel tuis, waar die oom naweke ou karre “opgefieks” het.
“Ek was op straat, daai tyd. Vandag het ek my eie garage.”
Op die skerm flits daar ’n nuwe foto verby – die oom agter ’n pannekoektafel by ’n kerkbasaar en een van hom by ’n dorpskarnaval, ’n stuitige hoedjie op sy kop. ’n Gevoel van diep respek wel in my op. Vir hierdie oom wat met soveel grasie die brug kon oorsteek van ’n gesiene ereburger na die onsigbaarheid wat meestal saam met die ouderdom se aftakeling kom.
En ek kry skielik ook vreeslik skaam. Oor ek nooit langer vertoef het nie. Nooit verby die vlekkerige ou gelaat kon sien na die méns daarbinne nie. Wat ’n les leer jy vir my vandag, Oom Apie. Ek salueer jou, al is dit te laat. Want dís mos hoe ’n mens dit doen – die lewe aangryp en hom lééf. Hom sinvol klaarmaak. Waar jy ook al in die hiernamaals rondrits, Oom, ek sê dankie. En doe zo voort!
( Karin Brynard op Netwerk24 )

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Skoonheid is ook hier te vind in dit wat verwond is.**

In sy boek Art and Faith: A Theology of Making (2020) merk die kunstenaar Makoto Fujimura – in ’n hoofstuk met die opskrif “The Journey to the New Through Christ’s Tears” – op dat hy elke jaar tydens die kerklike seisoen van Lydenstyd Johannes 11-12 lees en oordink. En elke keer spreek die gedeelte oor Marta, Maria en hul broer Lasarus opnuut tot hom as ’n storie van rou, dood, klag en opstanding.

In 2009 is Fujimura gevra om kunswerke te skep om die vier evangelies te belig as deel van ’n boekprojek wat met die 400-jarige herdenking van die King James-vertaling van die Bybel saamgehang het. In ’n poging om sy verbeelding te fokus vir dié omvattende projek van meer as 250 werke, het Fujimura as die oorkoepelende tema die kort teksvers met net twee woorde in Engels gekies: “Jesus wept” (Johannes 11:35).

Fujimura is veral geïnteresseer in die ontmoeting van Jesus met die susters Marta en Maria in Betanië nadat hul broer Lasarus gesterf het. Veral treffend vir Fujimura is hoe Jesus reageer as hy Maria se trane sien. Jesus sê nie iets nie, maar is aangedaan en huil. Fujimura verwys dan ook na die Nuwe Testamentikus Richard Hays se opmerking: “At Bethany, the Incarnate Word of God stood wordless.”

Waarom, vra Fujimura, mors Jesus tyd deur te huil? Moes hy nie eerder dadelik gehandel het nie? Waarom die vermorste tyd en trane? Tog is die hart van die evangelie vir Fujimura juis te siene in die meelewing met pyn en gebrokenheid wat hier deur Jesus beliggaam word. Daarom is daar skoonheid in Maria en Christus se trane.

Vir Fujimura dien Christus se trane as ’n prisma vir sy kuns. Hy sluit verder aan by Japannese konsepte wat skoonheid en waarde vind in dit wat gekraak, verslete of verwond is. Hy meen dan ook dat Jesus se skynbaar vermorste trane wat in die barste in die harde grond van Betanië geval het en verdamp het, steeds met ons is. Volgens sy verstaan van die skeppingsproses gebeur daar iets betekenisvol as ons trane by wyse van spreke met dié van Jesus vermeng.

Ook gedurende Lydenstyd kan ons weer aan hierdie insig herinner word, dat die skoonheid van geloof nie die ignorering of wegkyk van weerloosheid en leed beteken nie, maar ’n sensitiwiteit behels vir die krake in ons wêreld en lewens. Tog is dit juis in hierdie dorheid en donkerte wat Christus se trane insyfer. Daarom skryf Fujimura: “Beauty does matter, as it is in those cracks that the ‘small resurrections’ can be seen.” – RRV
( Robert Vosloo op Netwerk24 )